







# Die Verhale van Archibald Rubenstein

*deur Jaydean Botha*

Eens op ’n tyd, in ’n sterrestelsel ver, ver van hier, met die naam Voorspellanië, het daar ’n jong seun genaamd Archibald Rubenstein gewoon. Sy familie en vriende het hom sommer “AR” genoem. Bedags was AR ’n gewone skoolseun wat sy huiswerk gedoen het en in die agterplaas saam met sy vriende gespeel het. ’n Mens kon hom dalk as woelig of selfs nie-stasionêr beskryf. Maar snags was AR allesbehalwe gewoon.

Snags was AR ’n selfaangestelde handhawer van wet en orde wat lewens red oral waar hy gaan. Hy het ’n intuïsie gehad wat hom gewaarsku het wanneer iemand in gevaar was. ’n Spesiale soort superkrag. Hy was dus altyd waaksaam en op sy hoede. Maar sy waaksaamheid het snags effens afgeneem wanneer moegheid hom oorval het.

Een spesifieke nag het sy interne superkrag hom laat weet dat iemand in gevaar was. Hy het hom na die plek gehaas en ’n man gesien wat na ’n jong meisie toe stap wat waarskynlik ná werk op pad huis toe was. Kom ons noem hierdie man maar die Ewekansige Stap-man. Met sy aankoms het AR, soos gewoonlik, die gevaar en erns van die situasie

ontleed. Hy het opgemerk dat die man op 'n onvoorspelbare manier loop: een tree links, een terug, twee vorentoe. Amper asof hy dronk was.

Skielik het 'n taxi langs die meisie gestop. Die Ewekansige Stap-man het na haar toe gehardloop en haar in die taxi ingedruk. Sy het geskop en geskree, maar was nie sterk genoeg nie en het oplaas ophou veg. Die man het die deur toegeklap, en toe die taxi wou wegjaag, het AR op die dak gespring en aan die dakrak vasgeklou.

AR het besef hy gaan nie die geveg alleen wen nie. Hy het hulp nodig gehad en sy beste opsie was om sy beste vriend, Martin Arlington, beter bekend as MA, te bel. Saam was AR en MA onoorwinbaar. Die koerante het al oor hulle as die ARMA-bewakers van Voorspellanië geskryf.

Toe MA die oproep van AR ontvang, het hy alles waarmee hy besig was gelos en gejaag om die jong meisie te red. Gelukkig was MA nog wakker, al kan hy gewoonlik nie so lank soos AR wakker bly nie. MA kon wel 'n paar uur per nag waaksaam bly, maar dan het hy ingesluimer en tot dagbreek geslaap.



Met sy aankoms by AR het MA ook op die taxi gespring. Hulle het vinnig 'n plan beraam om deur die passasiersvenster by die taxi in te klim. MA het dadelik met die bestuurder begin stoei terwyl AR agtertoe, na waar die Ewekansige-Stap-man sit, gespring het. Die taxi het geswaai soos MA probeer het om beheer van die voertuig oor te neem. Uiteindelik het hy al sy krag bymekaar geskraap, die bestuurder van die sitplek afgegooi en hom by die deur uitgestoot. MA het dit reggekry en die voertuig gestabiliseer!

Intussen het AR nog agter in die voertuig met die skurk geworstel. Die agterdeure het oopgeswaai, en net toe AR wou uitval, het die jong meisie sy arm gegryp en hom ingetrek. Ná hy sy balans herwin het, het AR geweet wat om te doen. Hy het die skurk in die rug geskop, wat hom vorentoe tot by die deur laat tuimel het. Hy het vier treë vorentoe, een tree links, twee regs gegee en by die taxi uit op die teerpad geval.



Die onskuldige meisie het AR met groot geskokte oë aangekyk, en geprewel: "Dankie, ARMA-bewakers."

AR en MA het haar veilig by haar ouerhuis afgelaai. Voor hul vertrek, het AR haar naam gevra, en sy het geantwoord: "Witruis." 'n perfekte naam vir so 'n onskuldige jong meisie.

'n Paar dae later het AR op die nuus gesien dat die Ewekansige Stap-man en sy handlanger gearresteer is.

AR en MA bestry steeds misdaad. Hulle is bekend as die ARMA-bewakers — helde wat onskuldige mense red en skurke agter tralies sit.